## DIE HERTZOG-HERDENKINGSPOSSEËLS

Tydens die eerste bespreking van die uitgee van spesiale posseëls by geleentheid van die onthulling van die Hertzogmonument in Bloemfontein, het die Seëladvieskomitee hom ernstig afgevra watter rol genl. Hertzog in ons geskiedenis gespeel het en wat beteken hy vandag vir ons? Die besluit om spesiale seëls uit te gee, is vroegtydig geneem en was daar ruimskoots tyd om die verskillende probleme wat in hierdie verband opgeduik het, rustig te ondersoek. Al spoedig het dit geblyk dat die lewe van genl. Hertzog in drie periodes verdeel kon word, elkeen met sy eie tipiese en diepgaande invloed op ons land. Eerstens was daar die tydperk van die Tweede Vryheidsoorlog, toe hy as veggeneraal van die Boeremagte opgetree het. Daarna volg die tydperk vanaf 1902 tot ongeveer 1924, toe hy sy volle aandag gewy het aan die opheffing en gelykgeregtigheid van die Afrikanervolk en die taalstryd. Ten slotte volg die tydperk van sy Eerste Ministerskap, die langste wat enige politikus in Suid-Afrika hierdie amp vervul het. Die gedagte dat daar eintlik drie seëls nodig sou wees om genl. Hertzog se lewe en ideale uit te beeld, was eintlik vanselfsprekend.

Die komitee het die ateljee van mnr. De Jager, die skepper van die verskillende beeldgroepe wat straks in Bloemfontein opgerig sou word, besoek. So tussen die bome en struike teen die randjie naby Hartebeespoortdam het die bronsbeelde 'n ietwat onwerklike indruk gemaak, maar dit het onmiddellik duidelik geword dat dit 'n onbegonne taak sou wees om te probeer om die monument in sy geheel op 'n posseël weer te gee. Die afsonderlike beeldgroepe het egter die verskillende ideale van genl. Hertzog besonder duidelik weerspieël en vir die seëls sou hiervan vrugbare gebruik gemaak kon word.

Spoedig het die gedagte posgevat dat elke seël 'n portret van die Generaal moes vertoon. Dit kon 'n fotografiese, 'n getekende of van enige ander aard wees, maar al spoedig het dit geblyk dat dit nie so maklik was nie. Portrette uit die oorlogstyd is skaars en betreklik onbekend. Vir die tydperk vanaf 1902 tot 1924 en daarna was dit makliker. Die besluit is geneem dat elke portret 'n periode moes uitbeeld, terwyl op die agtergrond die afbeelding van 'n toepaslike deel van die beeldgroepe geplaas sou word. In hierdie geval moes die portrette geteken word en weer is 'n beroep gedoen op dr. I. Henkel, wat die komitee reeds so dikwels behulpsaam was. Inmiddels is ook die hulp van 'n vooraanstaande historikus ingeroep om te voorkom dat geskiedkundige foute sou insluip en om 'n aantal baie tipiese uitsprake van genl. Hertzog te voorsien waaruit sy strewe die beste sou blyk.

Dit was dus duidelik dat heelwat ontwerpe gemaak sou moes word: drie vir die seëls, een vir die stempel, twee vir die eerstedagkoevert asook van die kaartjie wat in die koevert ingesluit sou word. Die komitee het gevolglik aanbeveel dat, behalwe die portrette, alle ontwerpe deur een persoon gedoen behoort te word om op hierdie manier 'n eenheid te

verkry. Die keuse het geval op die bekende ontwerpkunstenaar van Pretoria, Ernst de Jong, met wie 'n uitvoerige bespreking plaasgevind het. Daar moes saamgewerk word met dr. Henkel en die ontwerper moes ook alle nodige hulp verskaf wat die tekenaars van die Staatsdrukkery moontlik sou kon help.




*Die Hertzog-Herdenkingsposseëls.*

Genl. Hertzog is van geboorte 'n Vrystater en daar is gevoel dat die wapen van die ou Oranje Vrystaat êrens tot sy reg behoort te kom, maar nie op die seëls nie omdat vroeër reeds seëls met so 'n ontwerp uitgegee is. Bowendien het die komitee gewaarsku dat daar geen plek sou wees vir abstraksies of vae simbolismes nie, en daar moes ruimskoots gebruik gemaak word van die beeldgroepe.

Op hierdie manier het die ontwerpe vir die posseëls tot stand gekom. Op die $2\frac{1}{2}$c-seël is 'n portret van genl. Hertzog in die oorlogsdae. Op die agtergrond is die beeld van die terneergeslane egpaar van na die oorlog geplaas. Aanvanklik het die verkleinde afbeelding van die bronsbeeld 'n afwykende effek veroorsaak, wat verander moes word totdat dit die vorm aangeneem het soos wat dit op die seël weergegee is. Die kleure swart, olyfgroen en sjokolade-bruin was van die begin af aan reg. Vir die 3c-seël is 'n bekende portret van genl. Hertzog met sy bril op gebruik.

Hierby is die beeld van die familiegroep die toepaslikste geag. Op die afdruk van die foto het die oë van die Generaal eers te swart uitgekom en moes dit gevolglik verhelder word. Hierdie seël simboliseer die periode vanaf 1910 tot 1924. Op die derde seël, met 12½c waarde, staan 'n afbeelding van die Hertzogbeeld self. Hierdie beeld het probleme opgelewer omdat die brons effek behoue moes bly. Ook van die laaste twee seëls het die kleurkombinasie, geel, swart en oranje, en oranje-swart bruin, geen verandering ondergaan nie.

Die eerstedagkoevert is so eenvoudig as moontlik gehou, met as hoofmotief die beeld van genl. Hertzog en sy handtekening. Die spesiale ruimte vir die adres waarvoor in die verlede voorsiening gemaak is, het verval terwyl klein letters gebruik is vir die aanduiding dat dit amptelike gedenkkoevert no. 8 is. Die lugposstrokie het 'n heeltemal veranderde ontwerp en 'n mooier en sagter kleur as die harde blou waarin dit gewoonlik verskyn.

Die stempel dra die wapen van die Vrystaat, Bloemfontein en die datum. Daar is geen binnesirkel in die stempel nie.

Vir die kaartjie wat in die koevert ingesluit sou word, is eers aan 'n foto gedink, maar ten einde laas is dit van 'n getekende portret, genl. Hertzog se handtekening, datum en die wapen van die Vrystaat voorsien. Die uittreksels uit toesprake en wette is besonder verteenwoordigend en gee presies weer wat die strewe van genl. Hertzog was. Vandag word hierdie woorde as vanselfsprekend deur alle inwoners van ons land beskou, maar in die tyd waarin hulle geuiter is, was hulle baanbrekend en het hulle baie opposisie en bitterheid veroorsaak.

In menige opsig is hierdie Hertzog-gedenkseëls uniek. Bo alles is gestrewe na eenvoud: die landsaanduiding R.S.A., op slegs twee seëls word 'n jaartal vermeld ten einde aan te dui op watter tydperk die seëls betrekking het en op elke seël voorsien die balkie bo of onder voldoende nadruk vir waarde en landsaanduiding. Dieselfde geld vir die koevert, stempel en kaartjie. Die stel vorm 'n opvallende eenheid, sowel in kleur as in uitvoering.

'n Onverwagte verrassing is die nuwe ontwerp van die lugposstrokie. Dit is beter geteken en het 'n kleur wat nie steurend is nie. Laat ons hoop dat die huidige strokies mettertyd deur die nuwe ontwerp vervang sal word.

Smaak verskil, maar niemand kan ontken dat hierdie seëls, waarop elke letter, syfer en afbeelding verantwoord is, met hul moderne voorkoms en kleur, bewys lewer van waartoe Suid-Afrika vandag in staat is.